| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | EKONOMIE |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord **VIER** vrae soos volg in die **ANTWOORDBOEK**:

   **AFDELING A:** VERLPGTEND
   **AFDELING B:** Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   **AFDELING C:** Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Antwoorde wat die vereiste aantal oorskry, sal **NIE** gemerk word nie.

3. Dui duidelik aan die begin van die vraag die nommer van die gekose vraag aan, byvoorbeeld, **VRAAG 2.**

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

5. Lees die vrae aandagtig deur en begin **ELKE** vraag op 'n **NUWE** bladsy.

6. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vereistes van die vrae.

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

# AFDELING A: (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

## 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 C.

1.1.1 Verdienste ontvang vanaf die uitvoer van goedere en dienste word … genoem.

A lekkasies

B inspuitings

C beleggings

D spaargeld

1.1.2 Die ... kurwe illustreer die verhouding tussen indiensneming en inflasie.

A Laffer

B Lorenz

C Produksiemoontlikheid

D Phillips

1.1.3 Die saldo op die Finansiële Rekening van die Betalingsbalans (BB) sluit ... uit.

A reserwebates

B netto finansiële afgeleides

C netto portefeuljebeleggings

D netto ander beleggings

1.1.4 As die wisselkoers verander het van \$1 : R17 na \$1 : R21, as gevolg van markkragte, dan het …

A die \$ gedepresieer teenoor die Rand.

B die Rand verswak teenoor die \$.

C die Rand het gedevalueer teenoor die \$.

D die \$ gedevalueer teenoor die Rand.

1.1.5 Ekonomiese integrasie waar lidlande ooreenkom op 'n gemeenskaplike ekonomiese beleid word 'n ... genoem.

A voorkeurhandelsgebied

B vryhandelsgebied

C ekonomiese unie

D gemeenskaplike mark

1.1.6 'n Internasionale maatstaf wat ekonomiese ontwikkeling in lande vergelyk, word ... genoem.

A die Menslike Ontwikkelingsindeks

B die Bruto Nasionale Inkomste per capita

C die Noord-Suid-verdeling

D Millenniumdoelwitte

1.1.7 Die Industriële Ontwikkelingsone (IOS), wat in die Oos-Kaap gevind word en fokus op motorvoertuigvervaardiging vir uitvoere, word die ... IOS genoem.

A Richardsbaai

B OR Tambo Internasionale Lughawe

C Saldanha

D Coega

1.1.8 Die lewenstandaard van 'n bevolking word die beste beskryf deur die ...

A inflasiekoers.

B spaarkoers.

C per capita inkomste.

D handelsbalans.

(8x2) (16)

## 1.2 PAS ITEMS

Kies 'n beskrywing in **KOLOM B** wat ooreenstem met 'n item in **KOLOM A**. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Disekwilibrium | A | Ook bekend as die arbeidsmag. |
| 1.2.2 | Reële sakesiklus | B | Die rentekoers wat kommersiële banke aan die Reserwebank betaal wanneer hulle geld leen. |
| 1.2.3 | Totale geldvoorraad | C | Uitbreiding van produksie in waardetoegevoegde sektore, met die fokus op metaalvervaardiging en energiebesparende nywerhede. |
| 1.2.4 | Absolute voordeel | D | Koop en verkoop van staatseffekte in die ope mark. |
| 1.2.5 | Handelsliberalisering | E | Een land kan goedere en dienste goedkoper produseer as die ander. |
| 1.2.6 | Repokoers | F | Markkragte beheer die waarde van 'n geldeenheid. |
| 1.2.7 | Nywerheidsbeleid-aksieplan | G | Wanneer lekkasies meer is as inspuitings. |
| 1.2.8 | Ekonomies aktiewe bevolking | H | Word verkry wanneer die gevolge van onreëlmatige gebeure en seisoene verwyder word uit tydreeksdata. |
| | | I | Reële BBP word gedeel deur die aantal werkers wat dit produseer. |
| | | J | Die afskaffing van regeringsinmenging in internasionale handel. |

(8x1) (8)

**1.3** Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer. (AFKORTINGS, AKRONIEME EN VOORBEELDE WORD NIE AANVAAR NIE.)

1.3.1 Primêre deelnemers en eienaars van die produksiefaktore.

1.3.2 Ekonome wat glo dat sakesikluswisselings hoofsaaklik die gevolg is van ongewenste staatsinmenging.

1.3.3 Die regering se plan vir verwagte inkomste ontvangbaar en uitgawes betaalbaar vir die komende fiskale jaar.

1.3.4 Ruimtelike gebiede wat besondere voordele bied aan mynbou en ander besighede langs ’n spesifieke handelsroete.

1.3.5 Wêreldwye interaksie van ekonomieë met handel as ’n belangrike element.

1.3.6 ’n Organisasie wat van voorneme is om die Afrika-kontinent te ontwikkel en politieke en ekonomiese integrasie tussen Afrikalande te bevorder.

(6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

## AFDELING B

Beantwoord enige **TWEE** van die drie vrae in hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK.**


**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE monetêre beleidsinstrumente. (2x1) (2)

2.1.2 Hoe kan die appresiasie van die Rand die uitvoer van goedere en dienste beïnvloed? (1x2) (2)

2.2 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.




*[Bron aangepas vanuit: https://www.statssa.gov.za/wp-content/uploads/2023/09/ProvGDPPc1.jpg]*

2.2.1 Identifiseer die provinsie wat die minste tot die nasionale BBP bygedra het. (1)

2.2.2 Noem die instansie wat verantwoordelik is vir die publikasie van die inligting in die uittreksel hierbo. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *Reële Bruto Binnelandse Produk.* (2)

2.2.4 Verduidelik die belangrikheid van BBP as 'n ekonomiese konsep. (2)

2.2.5 Vergelyk die verskil tussen die *Produksiemetode* en *Inkomste-metode* wat gebruik word om BBP te bereken. (2x2) (4)

2.3 Bestudeer die volgende tabel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| RUILVOET | | | |
|---|---|---|---|
| **JAAR** | **Indeks van uitvoerpryse** | **Indeks van invoerpryse** | **Ruilvoet** |
| 2015 | 100 | 100 | 100 |
| 2020 | 120 | 105 | **A** |

*[Bron: https://www.resbank.co.za/content/dam/sarb/publications/quarterly-bulletins/current-account/2024]*

2.3.1 Identifiseer die basisjaar wat in die tabel hierbo gebruik is. (1)

2.3.2 Noem die verandering wat plaasgevind het in uitvoerpryse tussen 2015 en 2020. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *devaluasie van 'n geldeenheid.* (2)

2.3.4 Verduidelik die effek op die ekonomie wanneer daar 'n afname in 'n land se ruilvoet is. (2)

2.3.5 Bereken die ruilvoet vir A. Toon ALLE berekeninge. (2x2) (4)

2.4 Onderskei tussen *geldvloei* en *reële vloei* in die ekonomiese kringloopmodel. (2x4) (8)

2.5 Ontleed die gebruik van leidende aanwysers in die voorspelling van ekonomiese aktiwiteite. (4x2) (8)

**[40]**

## VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES — 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE invoervervangingsmetodes. (2x1) (2)

3.1.2 Hoe word ontwikkelende lande deur globalisering uitgedaag? (1x2) (2)

3.2 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Stroomafwaartse maatskappye smeek ArcelorMittal Suid-Afrika en die regering om die sluiting van langstaalaanlegte te vermy**

Die Suid-Afrikaanse stroomafwaartse staalbedryf het 'n dringende beroep gedoen op die staalvervaardiger ArcelorMittal South Africa (AMSA), die grootste staalprodusent in Afrika, asook die regering om onmiddellike oplossings te vind wat die voortgesette bedryf van die drie AMSA-aanlegte, wat deel vorm van die maatskappy se langstaalbesigheid in Suid-Afrika, moontlik sal maak.

AMSA het in November verlede jaar aangekondig dat die maatskappy 'n proses sal begin om sy langstaalbedrywighede geleidelik af te skaal. Die maatskappy het die huidige lae markaanvraag, asook nasionale strukturele beperkings buite sy beheer, soos ernstige uitdagings in logistieke infrastruktuur en energievoorsiening, en staalverwante beleidsbesluite wat 'n onmededingende en ongelyke speelveld teen plaaslike mededingers skep, as redes aangevoer.

Voortgesette ondersteuning van die staalbedryf is van kardinale belang vir nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika, sowel as in die res van Afrika.

*[Bron aangepas vanuit: https://www.engineeringnews.co.za/article/downstream-companies-implore-arcelormittal-south-africa- govt-to-avoid-long-steel-plant-closures-2024-01-24]*

3.2.1 Identifiseer die grootste staalprodusent in Afrika. (1)

3.2.2 Noem EEN rede vir die afname in die langstaalbedryf in die uittreksel. (1)


3.2.3 Beskryf kortliks die term *industriële ontwikkeling.* (2)

3.2.4 Verduidelik EEN doelwit van die Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatief (ROI) wat moontlik kan help om die uitdagings van die AMSA staalbesigheid aan te spreek. (2)

3.2.5 Bespreek positiewe argumente vir die ontwikkeling van nuwe nywerhede in Suid-Afrika. (2x2) (4)

© SACAI KOPIEREG

3.3 Bestudeer die volgende diagram en beantwoord die vrae wat daarop volg.




*[Bron: https://www.freightnews.co.za/article/afcfta-all-its-made-out-be]*

3.3.1 Identifiseer die aantal mense wat voordeel trek uit die AfCFTA. (1)

3.3.2 Noem enige ander vryhandelsgebied in die wêreld. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *vryhandelsgebied.* (2)

3.3.4 Verduidelik die rol van die Wêreldhandelsorganisasie in internasionale handel. (2)

3.3.5 Bespreek die voordele daarvan dat Afrika 'n enkelmark word. (2x2) (4)

3.4 Onderskei tussen die *kritieke infrastruktuur* en *vaardigheidsondersteunings-programme* as aansporings wat deur die Suid-Afrikaanse regering gebruik word om industriële ontwikkeling te verbeter. (2x4) (8)

3.5 Hoe kan produksie-aanwysers, soos die BBP, gebruik word om die prestasie van 'n land se ekonomie aan te toon? (4x2) (8)

**[40]**

© SACAI KOPIEREG

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Noem TWEE fases van sakesiklusse. (2x1) (2)

4.1.2 Hoe sal ’n groot toename in elektrisiteitskoste kleiner besighede in Suid-Afrika beïnvloed? (1x2) (2)

4.2 Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Ouditeur-generaal: Slegs 34 van 257 munisipaliteite behaal skoon oudits in 2022-23**

Ouditeur-Generaal Tsakani Maluleke het beklemtoon dat, ten spyte van die beloftes wat deur die betrokke partye gemaak is, die tempo van verbetering “stadig is, met min impak op die lewens van gewone Suid-Afrikaners”, toe sy die gekonsolideerde algemene ouditverslag vir 2022–23 Dinsdag aan die parlement voorgelê het.

Die tendens van swak ouditurtkomste het voortgeduur, met 36 munisipaliteite wat agteruitgegaan het sedert die 2020–21-ouditsiklus, terwyl slegs 45 ’n mate van verbetering getoon het.

Maluleke het gesê dat baie munisipaliteite vasgevang is in ’n siklus van ongekwalifiseerde ouditeursverslae oor finansiële state, maar met bevindings rakende verslagdoening oor prestasie en nakoming van sleutelwetgewing. Sy het haar kommer uitgespreek dat 77 munisipaliteite sedert die einde van die vorige administrasie se termyn in hierdie kategorie gebly het, wat min poging tot vordering toon om ’n skoon ouditstatus te behaal.

*[Bron aangepas vanuit: https://mg.co.za/politics/2024-08-27-auditor-general-only-34-of-257-municipalities-achieved-clean-audits-in-2022-23/]*

4.2.1 Identifiseer die aantal munisipaliteite wat verbetering in die 2022-2023 oudit getoon het. (1)

4.2.2 Wie is die huidige Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika wat genoem word in die bostaande uittreksel? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *openbaresektor-mislukking*. (2)

4.2.4 Verduidelik EEN rede vir die betrokkenheid van die openbare sektor by die bestuur van die ekonomie. (2)

4.2.5 Gee ’n oorsig van stappe wat deur die regering geneem kan word om bestuursmislukking in die openbare sektor te verminder. (2x2) (4)

4.3 Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




*[Bron aangepas vanuit: https://za.pinterest.com/walktheplnk/political-cartoons/]*

4.3.1 Noem die sosiale aanwyser wat verband hou met die voltooiing van laerskool? (1)

4.3.2 Noem die ekonomiese deelnemer wat verantwoordelik is vir die verskaffing van nasionale onderwys. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *sosiale aanwyser.* (2)

4.3.4 Hoe kan die regering studielenings verminder om sodoende armoede en sosiale ongelykheid te verbeter? (2)

4.3.5 Bespreek die direkte bydrae van onderwys tot die gehalte van 'n land se arbeidsmag. (2x2) (4)

4.4 Onderskei tussen die *lopende rekening* en die *kapitale oordragrekening* van die Betalingsbalans. (2x4) (8)

4.5 Ontleed die voorkoming van storting as 'n argument ten gunste van proteksionisme. (4x2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING C

Beantwoord enige **EEN** van die twee vrae in hierdie afdeling in die **ANTWOORDBOEK**.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ’n laer-orde antwoord.<br>• ’n Goeie beginpunt sou wees om die hoofkonsep wat verband hou met die vraagonderwerp te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie.<br>• Vermy om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel:** Bespreek in detail / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Vergelyk / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Teken ’n grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken.<br>**Puntetoekenning**<br>Kolpunte/feite in volsinne sal **twee punte** kry.<br>Opskrifte en subopskrifte sal elk **een punt** kry.<br>**’n Maksimum** van **agt punte** kan toegeken word vir opskrifte/lys van feite of voorbeelde. | Maks. 26 |
| **Addisionele deel:**<br>Gee jou eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks/ Hoe / Stel voor.<br>’n **Maksimum** van **twee punte** kan toegeken word vir die blote lys van feite. | Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet die volgende insluit:<br>• ’n Kort opsomming van wat bespreek is sonder om reeds genoemde feite te herhaal.<br>• Enige mening of waarde-oordeel oor die bespreekte feite.<br>• Bykomende ondersteunende inligting om die bespreking/ontleding te staaf.<br>• ’n Teenstrydige standpunt met motivering, indien nodig.<br>• Aanbevelings. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die kenmerke wat die voorspelling van sakesiklusse onderlê, sonder om die sakesiklusaanwysers in te sluit. (26)

- Evalueer die gebruik van die fiskale beleid deur die regering om veranderinge in die ekonomie te beperk. (10)

**OF**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die gebruik van die fiskale beleid in die aanvraagkantbenadering om ekonomiese groei en ontwikkeling te bevorder. (26)

- Evalueer die impak van ’n gebrek aan buitelandse direkte belegging op die ekonomiese groei patrone van ontwikkelende lande. (10)

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [150]**